

Jan Steyn preek Jona-reeks 3 Sondag 25 Augustus 2019

Teks: Jona 1:17-2:10 (Mattheus 12:38-41 en Lukas 18:9-14)

Tema: Baie diep haal Hy my uit

Inleiding:

Om Jona 2 te verstaan, moet ons eers bietjie gaan kyk na hoe die mense van die tyd van Jona die wêreld gesien het. **Julle kan kyk na die skyfie op die bord.** Vir hulle het die wêreld uit drie verdiepings bestaan- die hemel, die aarde en die doderyk onder die aarde. In die hemel daarbo was daar stoorplekke waar dinge soos sneeu en hael en wind weggebêre was. Die hemel self het op pilare gerus wat op die aarde gegrond was. Die aarde het weer gestaan op pilare wat in die doderyk gegrond was. Die doderyk was onder die aarde en die see. Daarom vertel Jona hy het afgesak in die see na die fondamente van die berge. Dit is na hierdie doderyk wat kortweg ook die put genoem is waarheen mense gegaan het as hulle gesterf het. Die Hebreeuse naam daarvoor is Sheol. Wat skryf die Psalmkrywer in Psalms 139: Klim ek op na die hemel is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Dis die hemel daarbo en die doderyk hier onder ons.

Wat moet ons verstaan van die groot vis wat Jona kom insluk?

Mense het in die verlede so in die vis vasgekyk en hulle moeg gemaak om te probeer bewys jy sal drie dae in 'n groot vis soos 'n walvis kan oorleef sonder dat die maagsappe jou sal verteer of dat jy eenvoudig sal verdrink. Daar was aan die ander kant net soveel mense wat probeer bewys het dat dit nie medies of fisies moontlik was om drie dae daar te oorleef nie.

Die belangrikste is die doel van die vis in die storie. Die eerste die **vis is bloot 'n voertuig**. Dit neem Jona van die plek waar hy besig was om weg te vlug vir die Here na die plek toe waar die Here hom eintlik wou gehad het- Nineve. Dit is nogal interessant dat die simbool van die stad Nineve juis 'n vis was. Die tweede is dat die doel van die vis is dat die vis hierdie **voorbeeld van gehoorsaamheid** is. Die vis doen eenvoudig wat die Here hom vra om te doen. Soveel anders as God se profeet wat alles behalwe die Here se wil wil doen. Die vis is nie 'n simbool van Jona se straf nie, maar die instrument waardeur God hom red sodat Hy hom weer kan roep.

Algemene opmerkings: Gebed

Iets wat waar is van baie van ons gebede, is dat ons gebede baie keer oor onself en ons eie behoeftes gaan eerder as oor God. Louie Giglio verduidelik in sy DVD reeks Prayer Remix wat die vier mees

algemene gebede in Amerika is. Ek glo dis maar dieselfde vier gebede wat die mees algemene hier oor gebid word:

Bless me/ Bless us (Seen my of ons)

Be with me (Wees met my)]

Watch over me and protect me (beskerm my)

Forgive me (vergewe my)

Wat is die kernwoord in al vier gebede? Me!

Ons bid baie keer vir die Here se seen en beskerming en om ons planne te seen en ons siening van dinge te ondersteun. Ons sentrale gebede is nie om die Here te dank en eer en te aanbid en ons beskikbaar te stel om Sy wil te doen nie. Ons sien dit ook in Jona se gebed in Jona 2:

Jona se gebed: Hy verdraai die waarheid:

Jona se gebed is nie sy eie woorde nie, dit bestaan uit samevattinge van die Psalms. In sy gebed lees ons hy verdraai die waarheid. In vers 3 lees ons: U het my die diepte ingegooi, U het golf na golf oor my laat gaan. Die matrose het Jona in die see gegooi en hy het daar beland omdat hy ongehoorsaam aan die Here was. Hy aanvaar nooit self die verantwoordelikheid vir die feit dat hy in die see beland het nie. In vers 4 in die Ou Vertaling het ons gelees: Ek is weggestoot, weg van U oë. Die Here het hom nie weggestoot nie, hy het weggevlug van die Here se aangesig af. Ons het maar almal die eindelose vermoë om onself te mislei en selfs in ons gebede die ware feite te verdraai, want ons aandeel in dinge is vir ons te moeilik om te erken. Ons sal bid: Here, verander my man of my vrou. Maar ek wil nie self my aandeel in die verbokkeling van ons verhouding erken nie. Ons bid ook nie altyd die waarheid soos wat dit regtig is nie, want ons sal selfs in die oë van die Here wat alles van ons sien en weet onself beter wil laat lyk.

Jona se gebed en gebed van die Fariseër: Ek is beter as ander mense of nader aan God as hulle:

Hy bid in sy gebed in vers 8 oor die heidene: Hulle wat nuttelose afgode vertrou, verlaat hom wat liefde aan hulle betoon. Hier is hierdie groot stuk ironie aan die werk- die heidense matrose is besig om daar bo op die oppervlakte van die see tot die ware God te bid. Hulle het baie meer respek vir die ware God was wat Jona vir Hom gehad het. En tog stel Jona hom eintlik in hierdie gebed bo hulle. Vers 9 in die Ou Vertaling begin met hierdie woorde: Ek daarenteen. Ek teenoor hierdie afgodsdienaars sal aan U offer met 'n stem van lof. Hy kan die heidene se afgode van hout en klip goed uitken, maar hy sien nie die afgod in sy eie hart nie. Daardie Joodse, nasionale afgod wat hom vertel het Jode is as God se volk nader aan Hom en verdien meer van Sy genade as ander mense. Daarom verwys Jona gedurig

daarna dat God hom in Sy tempel in Jerusalem gehoor het. Dis waar hy God eerste sien- in die Joodse tempel in Jerusalem. Jona se leuse is nie- so lief het God die wêreld nie- so lief het God vir Israel.

Hoekom vertel Jesus die gebedstorie van die Fariseër en die tollenaar in Lukas 18:9-14? Ons lees dit in vers 9: Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel. Iemand skryf dat geestelike hoogmoed altyd daartoe lei dat jy jou medemens gering skat. Dat jy van hom of haar iemand minder gaan maak as wat hulle in God se oë is.

Nie net in die oë van die Fariseërs nie, maar in die oë van die hele Joodse bevolking was tollenaars gehate mense. Hulle was Jode wat vir die Romeinse regering belastings by ander Jode gaan invorder het. Hulle is dus gesien as volksverraaiers. Wat verder ook waar was, is dat die tollenaars die mense by wie hulle belastings ingevorder het, verneuk het. Hulle het meer ingevorder as die Romeinse belastings en dan die res van die geld in hul eie sakke gesteek. Hulle was dus hierdie ryk en welvarende mense wat in mooi groot huise gebly het en dit het veral die res van die Joodse bevolking erg gegrief. Jy het ryk geword deur jou eie mense te benadeel.

Die Fariseër gaan bid binne-in die tempel. Hy het die reg om daar te staan en bid en voor God te verskyn, glo hy. Hy vas twee keer per week en gee 'n tiende van sy hele inkomste. Daarom is hy hoër in God se oë as hulle wat dit nie doen nie. Hy dink hy staan hoog in God se oë nie deur wie God is of wat God gedoen het nie, maar deur wie hy is en deur wat hy godsdienstig gedoen het. Die tollenaar staan ver weg- waarskynlik in die voorhof van die tempel. Hy kan nie ingaan en voor God verskyn nie. Hy bid nie soos gebruiklik met die kop na bo en die hande uitgestrek nie. Hy kyk nie eens op na die hemel nie. Hy kan op niemand neersien nie, want Hy is 'n sondaar wat net kan pleit vir die Here se genade.

Bid en leef ek en jy soos die Fariseer of die tollenaar? Bid ek om myself te regverdig voor God omdat ek darem nie soos hierdie een of daardie een is nie? Of besef ek staan saam met almal gelyk voor God se genade?

Oor een ding praat Jona die waarheid: Hulp (redding/ salvation) kom alleen van God af (vers 9):

Die gedagte dat redding van die Here alleen af kom, val moeilik op ons ore vandag. Ons leef in 'n samelewing waar die gedagte dat mense sondig is, verwerp word. Baie soorte terapie word gebruik om jou valslik te vertel wat eintlik die probleem is. Jy hoor eerder jou probleem is dat daar fout is met jou selfbeeld- jy dra net te veel skuld (guilt) in jou rond of beskuldig jouself te maklik. In elk geval so hoor ons, word wat reg en verkeerd is deur die samelewing bepaal en niemand het daarom die reg om jou skuldig te laat voel nie. As die samelewing hierdie dinge glo, is dit nogal moeilik om vir mense

te vertel hulle kernprobleem is self-gerigtheid en sonde. Dit klink onwenslik en selfs gevaarlik om so te praat.

Die tweede ding wat ons mislei om nie by die hart van ons sondigheid en verlorenheid uit te kom nie, is wat Tim Keller noem the technology of morality. Eenvoudig gestel beteken dit ek glo dat deur hard te werk en godsdienstig al die regte goed te doen soos die Fariseër gedoen het, ons self ons verhouding met God kan regmaak op so 'n wyse dat Hy eintlik by my in die skuld is of nie meer vir my nee kan sê nie.

Teenoor hierdie oortuigings hoor ons die evangelie van Jona: Heil (redding) kom alleen van God. Tim Keller vat hierdie evangelie baie mooi saam: **As iemand gered word, is dit totaal God se werk. God red jou nie ten dele en jy red jouself verder nie. Nee, God red ons. Ons kan nie onself red nie. Dis die evangelie. Ken jy Romeine 3:23? Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.**

Hierdie gedagte dat God alleen ons kan red word versterk deur die gedagte van die teken van Jona. Net soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die vis was, so sal Jesus drie dae en drie nagte in die buik van die aarde, in die graf deurbring. Jona se storie in die vis van die maag en die uitspoeg op die land, word simbool of vooruitwysing na Jesus se sterwe en opstanding. Ons word gered deur Sy sterwe aan die kruis- die volle prys vir ons sonde word daar betaal. Maar hoe weet ons God het dit wat vir ons sonde betaal is, aanvaar? Die opstanding getuig daarvan. Die opstanding getuig Jesus was nie net iemand wat soos baie ander daardie tyd aan die kruis gesterf het nie. Hy is waarlik wie Hy gesê het Hy is- die beloofde Messias of Redder en die Seun van God. Die opstanding is die kwitansie wat bewys die prys wat vir ons sonde betaal het aan die kruis is deur God die Vader aanvaar.

Die tema van vanoggend se boodskap was baie diep haal hy my uit. Dit was die koor van 'n beryming van Psalm 23 wat ons op universiteit gesing het. Dit herinner ons dat God vir Jona baie diep uitgehaal het toe hy besig was om in die see af te sak en verseker gedink het hy gaan sterf. Baie diep haal hy my uit laat my ook dink dat Jesus ons almal moes uithaal wat diep verlore was in ons sonde en ons nie self daaruit kon red nie.

Slot: Samevatting

Die storie van Jona 2 het my weer geleer hoe maklik ons onself sal mislei om ons beter te laat lyk- selfs voor God wat klaar alles van ons weet. Selfs as ons bid. Die tweede gevolg van ons self-misleiding is dat ons ons nie saam met ander mense gelyk stel onder God se genade nie- ons kyk op hulle neer of oordeel hulle sodat ons godsdienstig beter in ons eie oë sal wees as hulle. Ons dink deur ander minder

te maak, raak ons meer. Deel van ons self-misleiding is ook dat ons die afgode in ander mense se lewens beter raaksien as ons eie- ons sien hulle is verslaaf aan hul werk of hul geld of hul kinders se prestasies. Dis baie moeiliker om die afgode in ons eie lewe en ons harte raak te sien. Die boek van Jona oordeel egter nie net ons self-misleiding of oneerlikheid met onself nie- dis ook die uitnodiging om met die Here se krag en genade meer eerlik met onself te raak. Om die Gees toe te laat om met die flitslig van die Woord daardie donker hoekies vir ons uit te wys wat ons vir ander mense, vir onself en selfs vir God wil wegsteek of probeer regverdig.

In elkeen van ons skuil hierdie vals self of vals ek. Pierre du Plessis verwys daarna as die klein ek. Die vals ek of klein ek stel belang in hoeveel mense van hom hou, hoeveel mense sy boeke lees of met sy twiets saamstem of hom op sy verjaardag bel. Die klein ek wil altyd genooi wees na alles. AL wil hy nie altyd die partytjies bywoon nie, wil hy net genooi wees. Die klein ek wil altyd reg wees en probeer homself altyd regverdig. Daarom moet ek en jy elke dag ons lewe voor die Here bring en vra: Wys my. Wys my wat die waarheid is, wie ek is, wie U is. Wys die wat die vals dele is, die vals self, die klein ek en help my om dit te laat gaan.

Jona se storie vernietig ook hierdie stuk self-misleiding dat ons onself kan red of regkry of fix of dat ons iets kan bydrae tot ons eie redding en verlossing. Dis soos die ou lied (239) my van kleindag af geleer het:

En ek self-wat kan ek doen

om my sonde te versoen?

Sou my hart met ywer gloei,

sou my trane ewig vloei-

nog gebede, nog geweene

kan my red Heer U alleen.

Amen